Western Cape Government
Environmental Affairs and Development Planning

Reference:17/7/BO2
Enquiries: Caren George

MEDIAVERKLARING: VERFYNING VAN DIE KUSBESTUUR LYNE VIR DIE OVERBERG DISTRIK

DATUM: 01 DECEMBER 2014
PUBLIKASIE: RELEVANT EN POOL
ONDERWERP / AGENDA: KUSBESTUURSLYNE
MEDIAPRAKTISYN: RELEVANT EN POOL

Die Wes-Kaapse Regering, Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP), die verantwoordelike owerheid vir die implementering van Artikel 25 van die Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet No. 24 van 2008) ("ICM Wet") soos gewysig, het as 'n provinsiale loodsprojek, kus terugsetlyne (nou bekend as kusbestuurslyne soos per die ICM Wysigingswet) vir die Overberg-distrik in 2011 ontwikkel. Die terugsetlyne was bedoel om onsensitiewe, onvanpaste en onvolhoubare ontwikkeling in sensitiewe kusomgewings te reguleer en te verhoed, sodat openbare veiligheid en belange verseker kan word en om die risiko's te verminder wat klimaatsverandering en die dinamiese kusprosesse wat plaasvind, meebring.. Sekere praktiese struikelblokke het egter die effektiewe promulgering van die bestuurslyne en verwante konsep regulasies verhoed, voordat die volledige projek gefinaliseer kon word.

Daaropvolgend, het die Provinsiale owerheid 'n soortgelyke projek in die Weskus Distriksmunisipaliteit uitgevoer. Tydens hierdie projek is die metode wat vir die bepaling van kusbestuurslyne gebruik was, verfyn. Die bedoeling van die Overberg verfyningsprojek is om nou die ervaring van die Weskus-projek in die afhandeling van die ontwikkeling van kusbestuurslyne langs die kuslyn van die Overberg Distriksmunisipaliteit te gebruik. Hierdie proses om die bestuurslyne vir die Overberg Distrik te finaliseer, sal meer inligting met betrekking tot kus risiko's verskaf wat tydens toekomstige ontwikkelingsbeplanning in ag geneem moet word en ook die vrese van grondeienaars, grondontwikkelaars en die algemene publiek, dat die bestuurslyne bestaande regte gaan aantas, besweer.

Besonderhede van die projek

Hierdie projek is deur die Wes-Kaapse Regering, DEA&DP geïnisieer en befonds. Die DEA&DP het Royal HaskoningDHV aangestel om met die verfyning van die kusbestuurslyne te help.

Die bestaande (2011) terugsetlyne vir die kuslyn is deur die gebruik van gedetailleerde opname inligting en bydraes van geaffekteerde belanghebbendes ontwikkel. Dit het

4th Floor, 1 Dorp Street, Cape Town, 8001
tel: +27 21 483 4643 fax: +27 21 483 3211
Private Bag X9086, Cape Town, 8000
www.westerncape.gov.za/eadp

bygedra tot die ontwikkeling van ‘n model wat die kus risiko vir ‘n 100 jaar periode bepaal het, baseer op die analisering van kussone prosesse soos branderaksie, erosie of opbou van sand, duinmigrasie, seevlak toename, so wel as die ligging van bestaande ontwikkelings.

Die voorgestelde verfyning aan die bestuurslyne sal tydlyne van 20 jaar en 50 jaar by die risiko projeksies voeg, en selfs 'n groter klem op die erkenning van die bestaande ontwikkeling regte in die afbakening van 'n enkele kusbestuurs lyn, plaas.

Die risiko projeksies sal ook gebruik word in die afbakening van oorlegsones vir gebiede wat potensieel vatbaar vir kus risiko sal wees, vir gebruik in ruimtelike- en ontwikkelingsbeplanning op alle sfere regering.

Ondersteunende wetgewing

Hierdie projek sal in gevolge die toepaslike bepalings van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet No. 24 van 2008), asook die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Wysigingswet op Geïntegreerde Kusbestuur, 2014 ((Wet No. 36 van 2014) gepubliseer op 31 Oktober 2014) uitgevoer word.

Alhoewel die Omgewingsimpak-evaluering (OIE) Regulasies die ontwikkeling van terugsetlyne vir OIE verbandhoudende regulering voorstel en voorsiening voor maak, sal sulke lyne verskil van die wat as deel van hierdie projek ontwikkel word.

Betrokkenheid van belanghebbendes

Alle direk geaffekteerde belanghebbendes of geïnteresseerde partye en verteenwoordigende groepe word aangemoedig om op die projekdatabasis te registreer. Belanghebbendes sal direk gekontak word en insig in die afbakeningsproses, sowel as ‘n geleentheid gegee word om aan die finale bepaling van die terugsetlyne deel te neem. Openbare forums sal gedurende Februarie en Maart 2015 gehou word en kennisgewings in hierdie verband sal in die plaaslike media geplaas en aan alle geïnteresseerde en geaffekteerde partye en geaffekteerde partye soos deur die projekspan identifiseer of wat belangstelling in die projek aangedui het, gestuur.

Openbare betrokkenheid en bydraes is welkom.

Om op die projek belangegroep databasis te registreer of om verdere inligting te bekom, kontak asseblief:

Tasneem Steenkamp
Posbus 5195

Caren George
021 483 2724 (t)

Tygervallei, 7536
021 936 7694 (t)
021 936 7610 (f)
overbergCML@rhdhv.com

021 483 8326 (f)
coastal.enquiries@westerncape.gov.za